

## Die werksmanne van Solovoville

### Johnny Masilela

#### Vrae

#### LETTERLIK

#### Vraag 1.

- 1.1. Haal EEN WOORD uit die volgende stuk wat sê dat dit baie warm is.

Skynbaar onbewus van die versengende hitte het die mans opgedaag met baadjies en die vrouens met komberse oor hul skouers...

- 1.2. Wat het die mans gedra ten spyte van die hitte? (1)  
1.3. Wat het die vrouens gedra t.s.v. die hitte? (1)  
1.4. Hoekom het die mans en die vrouens t.s.v. die hitte so warm aangetrek? Sê dit in jou eie woorde. (1)  
1.5. Hoe verskil die manier waarop die mans sit van die vrouens? (2)  
1.6. Waarvandaan kom die mense? (1)  
1.7. Waar is die plek? (1)  
1.8. Haal EEN woord uit die uittreksel uit die storie wat sê dat nie AL die mans met stokkies in die grond krap nie. (1)

Party krap in die harde grond rond met droë stokkies.

- 1.9. Haal EEN woord uit die storie wat sê dat hulle pynsend na die spreker luister. (1)  
1.10. Wat is die naam van en die van van die spreker? (1)  
1.11. Hoe lyk die spreker se oorlelle? (1)  
1.12. Waarmee word die spreker se stem vergelyk? (1)  
1.13. Wat se voorstel het Jeremiah Vimbi? Gee TWEE feite. (2)  
1.14. Haal EEN woord uit die volgende stuk wat vir ons sê dat die verteller 'n kind is.

...oor die bou van 'n skool vir ons, die kinders van Solovoville.

- 1.15. Kan iemand 10 sent in die hoed gooi wat die rondte doen? Haal EEN sin aan uit die storie wat jou antwoord staaf. (2)  
1.16. Sê f die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Sê ook hoekom jy so sê. (2)

*Party mense gooi niks in die hoed nie.*

- 1.17. Wat is die eerste voorstel wat in die storie genoem word oor wat hulle met die geld kan doen. Gee TWEE feite. (2)  
1.18. Is die volgende aanhaling uit die storie 'n vergelyking? Sê ook hoekom jy so sê. (2)

"en rooi bakstene wat net so mooi soos die van die steenhuise is".

- 1.19. Hoekom sê Jeremiah Vimbi sal hulle nie bakstene kan koop nie? (1)  
1.20. Wat se voorstel maak Khoza? Gee DRIE feite. (3)  
1.21. Waar sal hulle die oliedromme koop? (1)

1.22. Haal EEN woord aan uit die volgende sin wat sê dat die oliedromme nie duur sal wees nie omdat dit nie nuut is nie. (1)

Daar's 'n fabriek wat gebruikte oliedromme verkoop.

1.23. As wat sal hulle dan die platgeslaande oliedromme gebruik? (1)

1.24. Wat sal hulle daarmee bou? (1)

1.25. Van waar kom Khoza? (1)

1.26. Wat is kenmerkend van die land waarvandaan Khoza kom? Noem TWEE dinge. (2)

1.27. Wat dink een van die ouers gaan 'n probleem wees. Sê dit in jou EIE woorde. (2)

1.28. Wie sê die verteller se oupa gaan die verantwoordelikheid op hom neem om die dromme oop te sny? Sê dit in jou eie woorde. (2)


1.29. Wat sê die verteller se oupa is die verskil van hoe die mense grafte grawe in sy tuisdorp en in Slovoville? Gee TWEE feite. (1)

1.30. Wat sê die verteller se oupa het die voormense hulle geleer? Gee VIER feite. (4)

1.31. Hoe wys die mense wat luister dat hulle beïndruk is met wat die verteller se oupa gesê het en dat hulle saamstem. Sê dit in jou eie woorde. (1)

1.32. Wat sou die naam van die skool wees? (1)

1.33. Bestudeer die prentjies hieronder en teken die wat gebruik is om die klaskamers te bou oor in jou boek. (6)



- 1.34. Waar het hulle sommige van die boumateriaal gekry? Gee TWEE feite. (1)
- 1.35. Wat noem die ryk mense hulle? (!)
- 1.36. Hoe het hulle die swaar boumateriaal by die bouplek gekry? (1)
- 1.37. Waarmee is die oliedromme oopgekap? (1)
- 1.38. Waarmee is die oliedromme platgeslaan tot sinkplate? (1)
- 1.39. Wanneer, meestal, word "Shosholoza" gesing? Gee TWEE feite. (2)
- 1.40. Waaroor gaan die lied "Shosholoza"? Gee TWEE feite. (2)
- 1.41. Wat besluit Khoza om te doen? (1)
- 1.42. Waarvoor sal die sloot gebruik word? (2)
- 1.43. Is dit wat hy wil doen suksesvol? Haal aan uit die storie om jou antwoord te staaf. (2)
- 1.44. Wat doen Khoza in respons op hierop? (1)
- 1.45. Beskryf die verteller se oupa? Gee SES feite. (6)
- 1.46. Rangskik die volgende gebeure uit die storie in die korrekte volgorde. (9)
- Die verteller se oupa laat die houtsteel met sy staal punt in die lug tol.
  - Die verteller se oupa lig dit bokant sy kop.
  - Die verteller se oupa spoeg vinnig in sy hande en vryf hulle teen mekaar.
  - Die verteller se oupa begin te sing.
  - Die verteller se oupa strek sy hande uit om die pik vas te gryp.
  - Die verteller se oupa vang die pik voor dit op sy kop land.
  - Die verteller se oupa vat die pik by die vloekende Khoza.
  - Die vrouens ululeer.
  - Nog 'n keer tol die verteller se oupa die werktuig in die lug op.
- 1.47. Wat is die omstaanders se reaksie oor die verteller se oupa se formidabele ratsheid en krag vir iemand wat so oud is. (2)
- 1.48. Wat het die verteller se oupa eenkeer met 'n pofadder gedoen? Haal direk uit die storie aan. (3)
- 1.49. Wat doen die verteller se oupa toe hy die pik in die regte posisie in die grond in slaan? (1)
- 1.50. Wat probeer iemand doen toe die verteller se oupa 'n slag na asem hyg en 'n blaaskansie vat. (1)
- 1.51. Wat gebeur met die skopgraaf in die man se hande. (2)
- 1.52. Wat doen die jong seuns toe dit gebeur? Gee TWEE feite. (2)
- 1.53. Hoe wys die verteller se oupa dat hy nie beïndruk is met die jong man se mislukte poging nie. Gee TWEE feite. (1)
- 1.54. Haal EEN woord uit die volgende aanhaling wat sê dat die man by wie die verteller se oupa die graaf vat nie so oud soos hy is nie. (1)

My oupa klik verontwaardig met sy tong, spring vorentoe en gryp die skopgraaf by die jonger man.

- 1.55. Wat doen die oupa WEEREENS voordat hy die graaf in die grond steek? (1)
- 1.56. Wat plant die mans in die sloot? (1)
- 1.57. Wat word aan die pale vasgeheg? (1)
- 1.58. Haal 'n vergelyking uit die volgende aanhaling uit die storie. (2)

Na die pale kom die balke, en die groeiende konstruksie lyk al hoe meer soos die enorme geraamte van 'n dier wat glo lank voor koning Sjaka op die aarde geleef het.

- 1.59. Wat word bo-op die balke vasgeslaan? (1)
- 1.60. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Haal aan uit die storie om jou antwoord te bewys. (2)

***Die mans het die steiers waarop hulle staan gekoop.***

- 1.61. Wat doen die vrouens teen sonder? Gee TWEE feite. (2)
- 1.62. Wat doen die mans met hulle gereedskap? (1)
- 1.63. Waarin was die mans hulleself? (1)
- 1.64. Wie het gaan snags waghoe by die konstruksieperseel? (1)
- 1.65. Wat dra die man wat gaan waghoe? Gee TWEE feite. (2)
- 1.66. Wat se ervaring koppel die verteller se oupa aan die tipe jas wat Jeremiah dra? (1)
- 1.67. Wat het Jeremiah Vimbi saamgebring vir beskerming? (1)
- 1.68. Wat dra Jeremiah Vimbi om sy nek? (1)
- 1.69. Op watter grusame toneel het die werksmanne die volgende oggend afgekom? (3)
- 1.70. Hoe is Jeremiah Vimbi doodgemaak? (1)
- 1.71. Waar was die gereedskap? Sê dit in jou eie woorde. (1)

## **VRAAG 2**

### **NIE- LETTERLIK**

- 2.1. Wat sê dit vir ons van die gemeenskap van Slovoville dat hulle t.s.v. die bloedige hitte nog steeds tradisioneel aantrek na die vergadering toe? (2)
- 2.2. Bespreek die feit dat die gemeenskap dit belangrik ag om vir hulle kinders 'n skool te bou. (3)
- 2.3. Wat sê dit ook vir ons van die gemeenskap as dit in die storie sê dat die lede van die gemeenskap netjies aantrek vir die vergadering, rustig en aandagtig luister en mekaar nie in die rede nie. (2)
- 2.4. Verduidelik hoekom jy dink die mense aandagtig na die spreker

luister. (2)

- 2.5. Hoekom sal Jeremiah Vimbi groot gate in sy oorlelle hê? (2)
- 2.6. Hoe is sy stem as dit in die storie sê dit is soos die gerammel van veraf donder. (2)
- 2.7. Hoekom sê Jeremiah geen bedrag is te groot of te klein nie? (2)
- 2.8. Wat sê dit vir ons van die gemeenskap as byna almal geld in die hoed gooi. (2)
- 2.9. Hoekom dink jy het iemand voorgestel dat die geld gebruik moet word om rooi bakstene wat net so mooi soos die van die steenhuse is te koop? (2)
- 2.10. Hoekom sal dit ekonomies wees om gebruikte dromme te koop? (2)
- 2.11. Hoekom sal dit voordelig wees om meer klaskamers te bou? (1)
- 2.12. Hoe dink jy is die land, Malamulele, as die verteller sê dit is die land van die heuningby en die mopaniewurms. (2)
- 2.13. Hoekom was dit eintlik onnodig van iemand om te vra wie die dromme gaan oopsny? (3)
- 2.14. Wat wil die verteller se oupa eintlik sê as hy sê dat die mans in sy tuisdorp die grafte met hul kale hande grawe? (2)
- 2.15. Hoekom sê die verteller se oupa "die wit man se masjiene". (2)
- 2.16. Verduidelik: "enige soort werk is moontlik as baie hande saamwerk." (2)
- 2.17. 'n Applous is 'n term wat gebruik word vir mense wat hulle bewondering oor 'n opvoering in 'n teater wys. Hoekom dink jy is dit hier gebruik? (2)
- 2.18. Hoekom sal die skool die Jeremiah Vimbi Gemeenskapskool genoem word? (2)
- 2.19. Dink jy mense wat in baksteenhuse bly is regtig ryk? Verduidelik. (2)
- 2.20. Verduidelik waar die woord plakker vandaan kom? (2)
- 2.21. Verduidelik hoe hulle 'n oliedrom 'n sinkplaat maak. (5)
- 2.22. Hoekom sing hulle "Shosholoza"? (1)
- 2.23. Hoe dink jy het Khoza, die Sjangaan van Malamulele, gevoel toe sy poging om 'n sloot te grawe misluk het? (2)
- 2.24. Hoekom dink jy het hy gevloek? (1)
- 2.25. Gee een woord wat die verteller se oupa se bou sal beskryf. (1)
- 2.26. Hoekom ululeer die vrouens? (1)
- 2.27. Definieer die volgende uit die storie: "met die blitsige beweging van 'n koperkapel spoeg Oupa in sy palms..." (1)
- 2.28. In die storie sê dit: "Met die blitsige beweging van 'n koperkapel spoeg Oupa in sy palms, vryf hulle teen mekaar en vang die pik voor

dit op sy kop land. Nog 'n keer tol hy die werktuig in die lug op en strek al twee hande uit om die vallende pik se staalpunt vas te gryp." Hoekom doen die verteller se oupa dit? (1)

- 2.29. Wat sê dit van die verteller se oupa as dit sê: "hy van wie hulle vertel dat hy 'n pofadder aan sy stert gegryp en sy giftande teen 'n mopaniestam uitgeslaan het." (1)
- 2.30. Definieer die volgende uit die storie: "...die groeiende konstruksie lyk al hoe meer soos die enorme geraamte van 'n dier wat glo lank voor koning Sjaka op die aarde geleef het."
- 2.31. Hoekom het die mans gedink hulle gereedskap, wat hulle net daar gelos het en waarna Jeremiah Vimbi, wat vroeër in sy lewe 'n nagwag was, sou kyk, sou veilig wees? (2)
- 2.32. Wat m.b.t. dit wat Jeremiah Vimbi dra, dit wat hy by hom het en hoe hy optree laat die leser onmiddellik dink dat hy nie opgewasse is vir die taak van "nagwag" nie. (6)
- 2.33. Wat m.b.t. dit wat Jeremiah Vimbi dra en dit wat hy by hom het laat die leser onmiddellik dink dat hy wel opgewasse is vir die taak van "nagwag". (2)
- 2.34. Wat lei jy as leser dus af van jou antwoorde by die vorige twee vrae. (2)
- 2.35. Hoekom dink jy het die werksmanne Jeremiah Vimbi met arms en bene oopgespalk gevind?
- 2.36. Hoekom dink jy het die werksmanne Jeremiah Vimbi met die silwer fluitjie nog in sy mond gevind. (1)

## **VORMASPEKTE**

### Vraag 3

- 3.1. Wat se tipe verteller is aan die woord in die storie? (1)
- 3.2. Wat is die tema van die verhaal? (2)
- 3.3. Bespreek die ironie in die verhaal. (5)
- 3.4. Die klimaks in die storie is skokkend en onverwags. Wat dink jy moes die klimaks van die storie gewees het. Skryf jou eie klimaks en afloop. (5)